Verwysing: 20201117-9605
Lêerno.: 13/1/1
Navrae: M Ludick

Eksamenadministrasieminuut: 0014/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Hoofde: GLOO-koördinering en -advies, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs, en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en die Gewysigde Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Bekendmaking van die 2020 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en Senior Sertifikaat (SS) -eksamenuitslae

1. Die volgende **inligting en datums** word verskaf om prinsipale in staat te stel om die nodige reëlings te tref om die bogenoemde uitslae af te haal en te kontroleer:

1.1 Die prinsipaal (of die afgevaardigde personeellede) kan die NSS- of SS-uitslae by distrikskantore op Dinsdag, 23 Februarie 2021 om 8:00 afhaal.

1.2 Prinsipale (of hulle afgevaardigde personeellede) word drie ure gegun om die uitslae vir enige weglatings of ooglopende foute te kontroleer. Hierdie foute moet aan die Direktoraat: Eksamenadministrasie by telefoonnommers 021 467 2975 / 2924 / 2934 / 2246 aangemeld word.

1.3 Die uitslae mag aan kandidate by hulle onderskeie skole en sentrums vanaf 12:00 op Dinsdag, 23 Februarie 2021 uitgedeel word. Die uitslae van voltydse kandidate sal slegs by skole en op die Internet beskikbaar wees, en sal NIE by die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se eksamen-kliëntedienssentrum uitgereik word nie.

1.4 **Neem asseblief kennis: Geen uitslae mag aan kandidate bekend gemaak word en geen inligting in hierdie verband mag vóór 12:00 op 23 Februarie 2021 aan die pers verskaf word nie.**

1.5 Uitslae sal op Dinsdag, 23 Februarie 2021 om 12:00 op die WKOD se webwerf: **https://wcedonline.westerncape.gov.za** beskikbaar wees. Kandidate sal hulle **vanne** en **identiteitsnommers / geboortedatum** moet invoer om hulle persoonlike uitslae op die WKOD-webwerf te kan besigtig.

1.6 Kandidate moet aangeraai word om te kontroleer dat hulle volle name en identiteitsnommers korrek op hulle verklaring van uitslae weergegee word.

1.7 Navrae oor uitslae moet vir ondersoek binne 30 dae ná die vrystelling van die resultate voorgelê word. Rig alle navrae oor uitslae aan ExamResults@westerncape.gov.za.

1.8 Uitslae sal op Woensdag, 24 Februarie 2021 om 06:00 in die pers gepubliseer word.

2. Hernasiening en herkontrolering van 2020 se NSS- en SS-skrifte

2.1 Aansoeke om die hernasiening en herkontrolering moet via die aanlyn platform aan www.eservices.gov.za gerig word.

2.2 Die sluitingsdatum vir hernasieningsaansoeke is 10 Maart 2021.

2.3 Die volgende gelde per vak is van toepassing:
Hernasiening: R120
Herkontrolering: R29
Besigtiging: R234

Hierdie geld sal kwytgeskeld word by geen-skoolgeld-skole. Leerders met skoolgeldkonsessies sal vrygeskeld word van hernasieningsgeld.

3. Aansoeke om NSS eksamens – Mei/Junie 2021

3.1 Alle kandidate wat vir die NSS-eksamen in November 2020 geregistreer was en wat om 'n geldige rede afwesig was vir 'n deel van die eksamen, of wat nie daarin kon slaag om die sukses wat hulle wou behaal het te bereik nie, kan aansoek doen om die NSS eksamen in Mei/Junie 2021 af te lê.

3.2 Aansoekvorms sal by skole wat die NSS aanbied, distrikskantore, die WKOD se eksamen-kliëntedienssentrum by Grand Central en op die WKOD se webwerf, beskikbaar wees.

3.3 Die sluitingsdatum vir die NSS se eksamenaansoeke in Mei/Junie 2021 is 12 March 2021.

3.4 Enige navrae oor die NSS se aanvullende eksamen kan aan ExamRegistrations@westerncape.gov.za gerig word.

4. Die WKOD moet ingelig word oor die reëlings wat deur skole getref word en die sentrums vir die afhaal van hulle uitslae. Prinsipale en sentrumbestuurders word versoek om die aangehegte vorm (**Bylae A**) in te vul en dit na die toepaslike **distriksdirekteur** teen 04 Desember 2020 te stuur.

5. **COVID-19 en die afhaal van uitslae deur leerders**

5.1 Maak asseblief seker dat u skool/sentrum voldoen aan alle gesondheids- en veiligheidsprotokolle soos bevat in die *WKOD-riglyne vir COVID-19,* veral wat betref die dra van maskers en handhawing van sosiale afstand.

5.2 Die WKOD versoek dat u seker maak dat toetrede tot die skool-/sentrumpersele moet beperk word tot leerders wat die NSS- en SS-eksamens vir die 2020 akademiese jaar voltooi het tydens die afhaal van hul uitslae.

6. **Ondersteuning en berading vir kandidate wat nie geslaag het nie**

6.1 Dit is uiters belangrik dat ondersteuning en berading aan kandidate wat nie die eksamen slaag nie gebied word. Hierdie kandidate moet ingelig word oor die beradingsdienste wat beskikbaar is. Berading kan by die skole gegee word wanneer kandidate hul uitslae ontvang of, waar van toepassing, by die toepaslike distrikskantoor waar departementele personeel beskikbaar sal wees.

6.2 Indien 'n prinsipaal, sentrumbestuurder of afgevaardigde personeellid 'n kandidaat na 'n distrikskantoor verwys, moet die telefoonnommer en adres van die distrikskantoor aan daardie kandidaat gegee word, en die besonderhede van die kandidaat moet aan die distrikskantoor verskaf word.

6.3 Omdat kandidate wat berading nodig het dit dikwels nie uit vrye wil soek nie, word daar 'n beroep op skole en sentrums gedoen om sensitiwiteit aan die dag te lê vir die emosies van kandidate aan wie se verwagtinge nie voldoen is nie.

7. **Vrystelling van inligting aan die media**

Die media sal belangstel om inligting oor kandidate wat buitengewoon goed in die NSS-eksamens gevaar het by skole te kry. Prinsipale, sentrumbestuurders of die afgevaardigde personeellid mag, in oorleg met ouers, sodanige inligting en foto's aan die media verskaf.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-11-24